

Datum:



Ons doen

Werk in groepe van vyf.

Jul onderwyser sal vir elke groep 'n onderwerp gee om te ondersoek. Vier lede van elke span sal op die skoolgrond na voorbeeld van besoedeling soek. Jul onderwyser sal vir julle 'n lys gee en die vyfde lid van die span moet 'n regmerkie (✓) op die lys maak by elke item wat die span kry.

Nadat julle jul opdrag voltooi het, sal jul onderwyser 'n opsomming van jull bevindinge maak. Hoe gesond is jul skoolgrond?



Ons skryf

Skryf 5 soorte afval neer wat julle op die skoolgrond gekry het.



| | |
|-----------------------|----------|
| 1. Papiere | ✓ |
| 2. bottels | ✗ |
| 3. plastiek | ✗ |
| 4. ou kos | ✓ kompas |
| 5. lekkergoed papiere | ✗ |



Maak 'n regmerkie (✓) langs items op hierdie lys wat gehersirkuleer kan word.

Maak 'n kruisie (✗) langs items op die lys wat skadelik vir diere kan wees.



Ons praat

Vorm groepe van 7.

Julle gaan verskillende rolle speel: aarde, water, grond, lug, 'n plant, 'n dier en 'n mens. Die eerste ses rolspelers moet vir die mens vertel wat besoedeling aan julle doen. Dan moet die mens elkeen van julle antwoord. Saam moet julle besluit hoe die probleme opgelos kan word.

As julle van jul rolspel hou, kan julle dit vir die hele klas opvoer.

Ons beweeg

- Spring 10 keer op albei voete vanuit 'n staanposisie
- Voer gevorderde bewegings uit met 'n springtou bv. oorkruis, dubbelswaai, ens.

